
# Bybel Avonture vir Jong Lesers

LES 8

## Die Groot Stryd



## Ek kan teks Lees

**"Bly dan op julle pos, toegerus met die waarheid as gordel om julle heupe." — Efesiërs 3:16**

## My Storie

Ek is lief om Amerikaanse voetbal te speel - jy weet, met al die doeldrukke, bal aangee, rond skop, en mekaar takel. Dit is pret! Een ding is seker. Ek dra altyd my voetbal toerusting. Ek is baie bly dat ek dit so doen. Verlede week het ek so vinnig as moontlik met die bal gehardloop, met die hoop om 'n touchdown te maak. Een probleem. Daar was 'n klomp spelers van die ander span wat my wou keer om dit nie te doen nie. Hulle het van elke kant af na my toe gehardloop. En hulle was groot! Een seun - sy naam is Herbie- lyk soos 'n agtien-wiel-vragmotor en glo my wanneer hy jou takel, weet jy, jy is getakel. Niks kan hierdie man stop nie!

So, hier is ek, besig om te hardloop asof my broek aan die brand is, en uit die hoek van my oog, sien ek Herbie. Hy kom in gehardloop van die kant af so vinnig as moontlik, wat redelik vinnig is aangesien hy omtrent dieselfde grootte as 'n Toyota is. Ek weet ek het twee keuses: Ek kan stadiger hardloop sodat wanneer ek en Herbie teen mekaar bots, dit nie so erg sal seermaak nie. Of ek kan vinniger hardloop en wanneer ek en Herbie teen mekaar bots dit my 'n bietjie sal rond skud, maar ek sal nader aan die doellyn wees sodat my span nie nodig sal hê om so ver te gaan om 'n doeldruk te behaal nie. Besluite, besluite. Dan onthou ek wat ek besig is om te dra. Ek het aan my lyf skouerkussings, kniekussings, enkelkussings, middellyfkussings, nekkussings, mondbeskerming, en 'n dikhelm, saam met 'n gesigskerm. Ek is heeltemal beskerm. Solank as wat ek nie vinniger as lopende spoed gaan nie, en solank niks groter as Herbie teen my bots nie, behoort ek orraait te wees. So, ek hardloop vinniger. ***Blam!*** Herbie - en verskeie van sy vriende - stamp my op volle spoed. Een oomblik hardloop ek veld af. Die volgende oomblik word ek begrawe onder 'n hoop sokkerspelers wat snak na asem. Maar ek is darem orraait. Ek het my span nader aan die doellyn gekry en het nog 'n middelveldbotsing met Herbie en sy vriende oorleef. Ons staan almal op en struikel terug na ons spankringe, gretig om die volgende fase van spel te begin. Beskerming. Het jy geweet dat elke Christen beskerming dra? Dit is reg. Ek en jy wanneer ons die skool verlaat of gaan speel, moet ons 'n paar belangrike stukke beskermingsgereedskap aantrek. Hoekom? Omdat ons nie in Herbie in hierdie wêreld gaan vasstamp nie. Ons gaan vasstamp reguit in Satan in - en in vergelyking met Satan laat hy Herbie soos 'n klein hondjie lyk.

**Kyk na** Efesiërs 6: 14-16 in die **BIBLIOTEEK** en vul die ontbrekende woorde in hieronder. Hierdie is ons Christelike uniform. Dit sal ons beskerm teen die Satan wat ons wil seermaak.


"Bly dan op julle pos met die _______ as _______ om julle heupe.

En die ____________ van God as ____________.

En as skoene aan julle voete dra die ___________ van die

__________ om julle sterk te laat staan. Daarby moet julle altyd

die _______ as _______ in die hand hê, want daarmee sal julle al die brandpyle van die Bose kan afweer".



## Pret Feite

**TREK AAN:**
*'N Ridder se wapenrusting is gemaak om hom te beskerm in 'n geveg. Dit kan maklik 60 tot 90 pond weeg en was baie moeilik om aan te trek.*
*(Ek is so bly die pantser van God is lig en maklik om aan te trek!)*



***TAWWE OU:*** *Armadillo is 'n Spaanse woord wat beteken "klein gepantserde een" en verwys na been-agtige plate wat die rug, kop bene en stert van Armadillos beskerm. Hulle is die soogdiere wat sulke skulpe dra.†*

# My Bybel Avonture

Die stryd tussen ons en Satan word die "groot stryd" genoem.
Stryd beteken "argument" of "veg." Satan veg in 'n argument beslis teen God, en Hy is beslis teen die liefde wat God met almal op hierdie aarde wil deel. Wanneer het hierdie oorlog begin en hoe sal dit eindig? Kom ons vind uit.

**Soek die teksverse in die BIBLIOTEEK en sirkel dan die korrekte woord om die vraag te beantwoord.**

Wat het in die hemel gebeur voordat God hierdie aarde geskape het?

Daar was ('n aardbewing) ('n vloed) ('n stryd) ('n vuur) — **Openbaring 12:7**

Wie het Eva mislei om die verbode vrug te eet en selfsugtigheid en sonde te bring na hierdie wêreld? ('n leeu) ('n slang) ('n perd) (Adam)— **Genesis 3:13**

Wie het beheer geneem oor die dier wat jy hierbo gekies

(God) (Adam) (Eva) (Satan) — **Openbaring 12:9**

Wat het in die tuin van Eden gekom? Waarteen ons vandag nog veg.

(terroriste) (mense) (kwaad/sonde) (wilde diere) — **Efesiërs 6:12, 13**

Wie het gesterf sodat die hele heelal sou sien hoe sondig Satan is en eerder besluit het om God te volg?

(Jesus) (Adam) (Noag) (Petrus) — **Romeine 3:25**



# My Gebed

**Dankie, Jesus, dat U my help om Satan te veg en dat U op die kruis gesterf het sodat almal kan weet hoe sondig die Satan is. Ek kies om my lewe te lewe met die beskerming wat U my bied sodat ek die stryd teen Satan kan wen. Amen.**

# Biblioteek

- "Bly dan op julle pos, toegerus met die waarheid as gordel om julle heupe, die vryspraak deur God as borsharnas en die bereidheid om die evangelie van vrede te verkondig as skoene aan die voete. Daarby moet julle altyd geloof as skild in die hand hê, want daarmee sal julle al die brandpyle van die Bose kan afweer." **(Efesiërs 6:14–16).**
- "En daar was 'n stryd/oorlog in die hemel" **(Openbaring 12:7).**
- "Toe vra die Here vir die vrou, 'Wat het jy nou gedoen?' en sy sê, 'Die slang het my mislei, en ek het van die vrug geëet" **(Genesis 3:13).**
- "Want die groot draak, die slang van ouds wat die duiwel en Satan genoem word. Hy mislei die hele aarde in sonde in" **(Openbaring 12:9).**
- "Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie…. maar teen elke mag en gesag en elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld. Trek daarom die volle wapenrusting aan wat God julle gee" **(Efesiërs 6:12, 13).**
- "Hom (Jesus) het God gegee as offer wat deur sy bloed versoening bewerk het vir dié wat glo" **(Romeine 3:25).**

# My Vriend Ellen Skryf

***"Satan en sy engele is in oorlog met die wat die gebooie behou, en sal werk om hulle in moeilike posisies te plaas "(Testimonies for the Church, vol. 1, bl. 356).***

Wanneer ons God liefhet en gehoorsaam is aan Hom,"onderhou ons sy gebooie." Ons is almal soldate in 'n oorlog teen Satan. Ons het beskerming nodig. Ons moet God se wapenrusting dra as ons die probleme en versoekings van Satan in die gesig staar, wat hy elke dag in ons lewens probeer inbring.

## muntstuk vir jou gedagtes

**Wat is jou gunsteling deel van God se wapenrusting en hoekom?**

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________